

LANGTERMYNLEWENSVATBAARHEID VAN DIE LANDBOU

H S HATTINGH, Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking

'n Gesonde landboubedryf is van deurslaggewende belang vir ekonomiese groei en stabiliteit. Landbou se belangrikheid strek veel verder as bloot sy bydrae tot die bruto binnelandse produk of soos gemeet aan enige ander enkelmaatstaf. Landbou se bydrae is kompleks en gediversifiseerd. Daar hoef nie stilgestaan te word om landbou se belangrikheid te motiveer nie. Dit word allereë aanvaar.

Nadat dit gesê is moet egter toegegee word dat die Suid-Afrikaanse landboubedryf tans, globaal gesien, nie so gesond is as wat 'n mens dit, selfs te midde van heersende ekonomiese omstandighede in die land, graag sou wou gehad het nie. Hoewel dit met sommige bedryfstakke in sekere gebiede relatief goed gaan, is daar bedryfstakke in bepaalde gebiede waar die finansiële situasie uiters kritiek is. Die somerreënvalsaigebiede kan uitgesonder word as die gebied wat tans waarskynlik die grootste kommer wek — veral die meer westelike gedeeltes daarvan.

'n Intense en uitgerekte droogte, 'n hoë inflasiekoers, oneweredige stygings van in- en uitsetpryse, uitermatig lae wêreldgraanhandelspryse en 'n skielike en drastiese styging in rentekoerse op 'n baie ongeleë tydstip, word as hoofredes aangevoer vir die verknorsing waarin veral somergraanprodusente hulle tans bevind. Dit is almal feitlik korrekte en geldige redes.

Die vraag ontstaan egter waarom somergraanprodusente, en dan praat 'n mens eintlik maar van mielieprodusente, na betreklik gunstige klimaatstoestande in die sewentigerjare en veral ook in 1980/81, en met relatief lae en stabiele rentekoerse gedurende dié periode tesame met stygings in mieliepryse wat betreklik goed tred gehou het met die pryse van insette wat benodig word by mielieverbouing, so weerloos was, dat dit met 'n mielie-oes van 8,4 miljoen ton in 1981/82, na 'n rekordoes van 14,7 miljoen ton die vorige jaar, sodanig in die moeilikheid geraak het dat daar reeds in daardie stadium by die Regering aangeklop is om hulp?

Het die Suid-Afrikaanse landbou nie reeds vir 'n geruime tyd inherente swakhede onder lede gehad wat verbloem was deur gunstige klimaatsomstandighede, lae rentekoerse en, in die geval van sommige bedryfstakke, gunstige pryse nie?

Het ongewenste struktuurveranderings vanweë skeefgetrekte pryse van landbouprodukte nie die landboubedryf so verwring dat dit hom sy weerbaarheid teen terugslae ontnem het nie?

Die wêreldwye oorreaksie van landboubeleidmakers en -raadgewers in die laat vyftiger-, sestiger- en sewentigerjare op die vinnige toename in die wêreldbevolking en die strewe na selfversorgendheid met betrekking tot voedselproduksie; die stappe wat gedoen is om die pro-

bleme te oorbrug en die teenaksies in 'n poging om die probleme wat voortgespruit het uit die aanvanklike oënskynlike probleem van dreigende voedseltekorte te ondervang, dien as 'n tipiese voorbeeld van hoe die oplossing van 'n oënskynlike probleem aanleiding kan gee tot veel groter werklike probleme.

In die laat vyftiger-, sestiger- en sewentigerjare het landboubeleidmakers en -raadgewers met ywer saam met ander sektore op die bevolkingsaanwaswa geklim. Ons het almal in 'n meerdere of mindere mate aan Malthus-sindroom gely. Dit wil sê 'n vrees dat Malthus se voorspelling in 1798 (190 jaar gelede) binne afsienbare tyd bewaarheid gaan word. Malthus het voorspel dat aangesien bevolkingsgetalle teen 'n geometriese koers groei terwyl voedselproduksie teen 'n rekenkundige koers toeneem, armoede, ellende, epidemies en hongersnood ons uiteinde sal wees.

Daar het 'n noodkreet na die boere van die wêreld uitgegaan. Produseer! Produseer net soveel en net so vinnig as wat julle kan en moet julle nie bekommer oor afsetmoontlikhede nie. Aan die boere is gesê: Julle taak is om te produseer. Ander sal toesien dat wat julle ook al produseer teen billike pryse (vir die boere) van die hand gesit word. 'n Suiwer produksiegeoriënteerde benadering.

Skaars 'n dekade na hierdie oproepe om hoër produksie, sit die wêreld, globaal gesien, opgesaal met haas onhanteerbare surplusse van feitlik alle vername voedselsoorte. Wêreldwyd kos dit jaarliks in die omgewing van 150 biljoen VSA dollar aan een of ander vorm van subsidie om enersyds die plaasprobleme en andersyds die bemarkingsprobleme wat hoofsaaklik hieruit voortgevloei het, te probeer hanteer.

Ons het 'n duur les geleer: As die prys reg is vir die produsent, dan sal hy produseer. Maar ons het ook geleer dat as die prys nie reg is vir die verbruiker nie, dan sal hy minder koop. Dit wat ons geweet het maar vergeet het, het ons weer eens geleer, naamlik dat die bemarkingsproses moet begin alvorens produksie 'n aanvang kan neem.

Die lae somergraan- en oliesade-oes van veral 1982/83 en 1983/84 toe daar nie eers in die plaaslike behoeftes van ongeveer 5 miljoen ton mielies voorsien kon word nie, het groot finansiële probleme vir boere wat misoeste gehad het, meegebring. Hierteenoor het dit ook darem tot gevolg gehad dat mieliepryse op vlakke gehandhaaf kon word ver bo dit wat op internasionale markte gerealiseer kon word; prysvlakke wat onmoontlik nie gehandhaaf sou kon word met produksiepele wat die plaaslike aanvraag aansienlik oorskry het nie. Die afgelope swak oes van ongeveer 7 miljoen ton, maar waarvan nogtans ongeveer 2 miljoen ton uitgevoer moes word, het duidelik getoon dat huidige prysvlakke

onmoontlik nie gehandhaaf kan word in geval van enigsins normale oeste nie (om dan nie eers te praat van bo-normale oeste nie) sonder om enorme bydraes vanuit die Staatskas te maak nie — iets wat in die huidige tydsgeewrig net nie moontlik is nie. Dit het ook duidelik geword dat plaaslike verkoopspryse van die Mielieraad nie onbeperk verhoog kan word nie — prysvlakke van die afgelope aantal jare het reeds meegebring dat die plaaslike verbruik van mielies skerp afgeneem het.

Hierdie toedrag van sake kan nie langer so voortduur nie. Die Staat beskik nie oor die vermoë om enorme bedrae geld beskikbaar te stel ten einde mieliepryse verder op 'n hoë vlak te handhaaf ongeag die omvang van die oes nie. Met dit as 'n gegewe feit het die Mielieraad dan geen keuse gehad as om boere die afgelope twee jaar vroegtydig in te lig aangaande die orde-grootte pryse wat hulle kon verwag vir verskillende oesgroottes nie. Dit sal hierdie komende jaar weer gedoen word.

As 'n mens na hierdie prys-senario's relatief tot die pryse van boerdery-insette in geval van 'n normale en bo-normale mielie-oes kyk, dan skrik 'n mens vir die lae pryse wat boere te wagte moet wees vir hulle komende oes of oeste. Boere wat te midde van 'n hoë totale mielieoes vir die land misoeste het, sal uit die aard van die saak beswaarlik selfstandig die mas kan opkom. Sulke boere sal sover moontlik finansieel ondersteun moet word. Dit is egter so dat almal nie gehelp sal kan word nie. Ongelukkig sal sommige noodgedwonge die landboubedryf moet verlaat.

Gesien ons onvermoë om op gesubsidieerde wêreldmarkte mee te ding en die huidige beperkte vraag na mielies in Suid-Afrika, word daar meer as 'n miljoen hektaar te veel mielies geplant. Gesien die ekonomies-sosiaal-politiese opset in die RSA bestaan die moontlikheid nie om, soos in die VSA, boere te betaal om hulle grond onbenut te laat lê nie. In die RSA kan ons dit nie doen nie. Ons moes dus dink aan insentiewe om boere te oorreed om van hulle bestaande bewerkte grond, waarop normaalweg mielies geplant word en wat nie winsgewend oorgeskakel kan word na byvoorbeeld sonneblom-, koring-, graansorghum- of katoenproduksie nie, oor te skakel na meerjarige weidings en om die veefaktor op 'n groter skaal in hulle boerderystelsels in te skakel.

Om van 'n prysbeleid wat mielieproduksie oor dekades gestimuleer het eensklaps oor te skakel na 'n meer markverwante prysbeleid, moet egter noodwendig groot sturinge en ingrypende struktuurveranderinge meebring. Boere sal noodgedwonge meer ekstensief moet boer. Dat daar veel meer plase gaan wees waarop nie 'n menswaardige bestaan gevoer sal kan word nie, is gewis. Dat die lewenstandaard van boere in die somerreënsaagebied onder druk geplaas gaan word is waarskynlik ook onafwendbaar. Grondpryse sal sekerlik daal of minstens teen 'n stadiger tempo as in die sewentigerjare styg. Dit is maar enkele van die struktuurveranderinge op plaasvlak wat ons te wagte kan wees.

Hoe bitter onaangenaam hierdie aanpassingsproses ook al is, bly dit die enigste uitweg. 'n Kombinasie van tegnologie en hoë pryse het aanleiding gegee tot sulke groot toenames in produksie — en afname in verbruik — dat boere nie langer kan aanvaar dat die mark steeds sonder meer sal opneem ongeag wat geproduseer word nie.

Mielieboere betree nou hierdie traumatiese era. Ander somergrane- en oliesadeprodusente en veral ook koringboere moet daarvan kennis neem. Hoewel koringboere gedurende die laaste paar jaar verantwoordelik opgetree het met betrekking tot hulle prysvoorstelle, staar dieselfde ondervinding hulle nou ook in die gesig. Die Koringraad het die afgelope jaar 'n duur les geleer en hy kan nie bekostig om nie deeglik daarvan kennis te neem nie. Stappe sal gedoen moet word ter voorkoming van 'n herhaling van die afgelope jaar se gebeure toe die koringprys vasgestel is op grond van 'n verwagte oes van in die omgewing van 2,2 miljoen ton terwyl die uiteindelijke oes op 3 miljoen ton te staan gekom het. Dit is 'n les wat die Koringraad se stewige stabilisasiefonds 'n baie swaar knou toegedien het. Struktuuraanpassings sal in die toekoms dus nie net beperk wees tot die somerreënsaagebied nie, maar ook betrekking hê op die winterreënsaagebiede wat vanselfsprekend verder sal uitkring na die veevertakkings. Die probleme en/of potensiële probleme van die vrugtebedrywe wat histories reeds hoofsaaklik op die uitvoermarkte aangewese is en derhalwe nog altyd markgerig was, is van 'n heel ander aard, naamlik sanksies en boikotte, en daar sal dit gelaat word.

Dit dan is die aanloop tot die probleme van graanboere in die RSA en die uitdagings wat hulle in die komende jare in die gesig staar. Om binne 'n uiters beperkte tydsbestek van 'n hoofsaaklik produksiegeoriënteerde benadering waarvolgens bepaalde strukture ontwikkel is, oor te skakel na 'n meer markgerigte benadering met boerderystrukture wat dié vereiste effektief sal kan akkommodeer, sal gewis nie maklik wees nie.

Sukses sal in die eerste plek oor die kort termyn afhang van die mate waarin die owerheid bereid en in staat is om die betrokke boere finansieel by te staan gedurende die eerste fase van die oorgangstadium, asook die wyse van hulpverlening. Gesien die besondere swaar skuldvas waaronder feitlik alle somergraanprodusente tans gebuk gaan is dit moeilik om te glo dat hulle selfstandig die mas sal opkom indien die pryse van hulle produkte, gegewe normale oeste, afwaarts na meer markverwante vlakke aangepas moet word.

Tweedens sal sukses afhang van die gesindheid en vermoëns van die betrokke boere en landbouraadgewers. Markgeoriënteerde produksie is slegs moontlik indien almal wat in die bepaalde mark opereer oor die nodige inligting oor die mark en markvoorsigte beskik sowel as die vermoë om te onderskei tussen korttermynprysfluktuasies, wat as sodanig aanvaar moet word en langtermynprysneigings, waarby aangepas moet word. Die grootste uitdaging lê egter nie in kennis van die mark en markvoorsigte as sodanig nie, maar in die

ontwikkeling van die vermoë om sodanige kennis effektief op plaasvlak toe te pas.

Oor die lang termyn lê die grootste potensiaal tot sukses opgesluit in die uitbouing van bestaande markte en die soeke na nuwe markte — met ander woorde die bevordering van die vraag na bepaalde produkte.

In dié verband het dit tyd geword dat ons weer 'n slag moet kyk na Suid- en Suider-Afrikaanse markte vir baie van ons landboubedryfstakke, in plaas van om op oorvol en gesubsidieerde wêreldmarkte te probeer meeding. Laat ons maksimaal op wêreldmarkte meeding met die produkte wat hulle daartoe leen, maar laat ons eerder ons oë op Suid- en Suider-Afrika rig met betrekking tot dié produkte waarmee ons nie suksesvol op wêreldmarkte kan kompeteer nie.

In die huidige tydsgewrig is 'n aansienlike gedeelte van die Suid-Afrikaanse bevolking nog hoofsaaklik toegewys op 'n bestaansleefwyse en word die meer landelike gebonde gedeelte van hierdie sektor se voedselverbruik nog in 'n groot mate bepaal deur fisiese faktore. Fisiese honger en selfs hongersnood is nog 'n wesentlike probleem ten tye van droogtes en ander natuurrampe. Dieselfde verskynsel doen hom op 'n groot skaal voor in sekere gebiede rondom stede en dorpe en selfs binne stede en dorpe waar mense nog 'n bestaanstipe leefwyse voer en fisiese honger vry algemeen voorkom.

Wat nodig is, is 'n goed beplande voedselstrategie om surplus landbouprodukte in dié rigting te kanaliseer eerder as om dit teen groot verliese op oorsese markte van die hand te sit. Fisiese honger te midde van voedselurplusse dra niks by tot die aansien van ons land en vrede binne ons landsgrense nie en daar sal daadwerklik aandag gegee moet word aan 'n effektiewe voedselstrategie om hierdie probleem te verlig.

Oor die lang termyn gesien lê in hierdie dualisme van die Suid-Afrikaanse ekonomie egter 'n groot latente krag vir vooruitgang versteek. Die uitwerking wat verstedeliking op die effektiewe vraag na landbouprodukte kan hê, bied waarskynlik die belowendste langtermynoplossing vir baie bedryfstakke se probleme mits daar terselfdertyd ook meer markgerig geproduseer word en produksiestrukture by so 'n benadering aangepas is.

En nou 'n antwoord op die vraag: Wat is die langtermynleuensvatbaarheid van landbou in die RSA?

Te midde van talle onsekerhede op die klimatologiese, politieke en ekonomiese terreine, glo ek dat landbou in

Suid-Afrika oor die lang termyn sy weerstand teen terugslae sodanig sal opbou dat hy sy toekomstige probleme suksesvol sal kan hanteer, want probleme en uitdagings sal daar altyd wees. Met sommige bedryfstakke gaan dit reeds goed, in enkele gevalle selfs gevaarlik goed. Ander bedryfstakke, veral ons somergraanbedryfstakke, verkeer egter nog in 'n moeilike situasie en verdere aanpassings sal gemaak moet word wat heelwat ontberings vir die betrokke produsente gaan meebring — veral in die lig van hulle groot skuldverpligtings. Ek glo egter dat die ergste verby is. Die jongste beskikbare statistieke, wat hopelik 'n neiging aandui, bevestig hierdie vermoede.

Die bruto inkomste van produsente het in 1987 sowat R12 855 biljoen beloop, wat ongeveer 12 persent meer is as in 1986. Hierdie toename is egter hoofsaaklik toe te skryf aan die tuinbou- en veevertakkings. Hierteenoor het boerdery-uitgawes met slegs 6 persent toegeneem, wat dui op die toediening van minder insette aangesien die pryse van boerderybenodighede met 9 persent gestyg het. Die gevolg hiervan is dat die netto inkomste van boere (na aftrekking van rente) met ongeveer 22 persent gestyg het. Dit volg op 'n styging van 23 persent van 1985 tot 1986. Die netto inkomste van boere het, globaal beskou, dus sedert 1985 tot 1987 met sowat 50 persent toegeneem. Aangesien dit nog steeds nie as 'n bevredigende vlak beskou kan word nie, dui hierdie groot verbetering in die eerste plek op die besonder lae vlak waartoe die netto inkomste in veral 1983 en 1984 gedaal het. Tweedens kan dit egter dat toestande vir twee agtereenvolgende jare aansienlik verbeter het. Die skuldvas van boere het egter verder gestyg en word na raming vir die einde van Desember 1987 op R13,3 biljoen gestel. Hoewel dit 6,8 persent hoër is as aan die einde van 1986, dui dit op 'n aansienlike stadiger koers van toename. Die waarde van kapitaalbaties het met slegs 4,6 persent toegeneem wat dui op 'n verdere, hoewel stadiger, verswakking in die bate-tot-laste-verhouding.

Ek wil ten slotte die voorspelling waag dat die ergste verby is en dat die regstellings wat in hierdie moeilike tye gemaak moes word en nog gemaak sal moet word, die landboubedryf op 'n stewiger fondament sal plaas om toekomstige probleme beter die hoof te kan bied. Ons het nou 'n stadium bereik waar ons daarteen moet waak om nie voort te gaan om 'n oordrewe pessimistiese beeld van die landbou en vooruitsigte in landelike gebiede voor te hou nie. Dit sal net die jonger geslag, wat 'n onmisbare dimensie van die hele struktuur-aanpassingsproses in die landbou uitmaak, verder laat huiwer om 'n — na bewering — kwynende bedryf as loopbaan te kies.